

21

VERSLAWING

Verlawing vernietig die lewe wat God my gegee het

ALGEMENE DOELSTELLINGS

Die kinders moet weet wat die implikasies van substansmisbruik is.

SPESIFIEKE DOELSTELLINGS

Kennis

Die kinders moet weet –

- wat die verskillende substansie is waaraan 'n mens verslaaf kan raak; en
- watter implikasies die gebruik daarvan het.

Gesindheid

Die kinders moet hulleself belowe om nooit (sonder mediese toesig) dwelms te gebruik nie.

Vaardigheid

Die kinders moet van jongs af betrokke kan raak by bewusmaking teen die gebruik van verslawende middels.

MEER INLIGTING (1 Korintiërs 6: 12-20; Romeine 8: 1-17)

Ons loof en dank God dat Hy ons vrygemaak het van die kettings van sonde. Ons is vry om te lewe soos God dit bedoel het. Ons lewe is reeds gered vir die ewige lewe. Ons leef egter in 'n wêreld waarvoor ons baie versigtig moet wees. Verslawende middels het die manier om van vry mense weer slawe te maak.

Wat is verslawing?

Verlawing beteken dat 'n mens fisies en psigies afhanklik word van iets. Jy kan later nie meer daarsonder lewe nie. 'n Mens word 'n slaaf van iets wat jou lewe vernietig. Ons ken hierdie dinge as sigarette, alkohol, medikasie en onwettige dwelmmiddels. Ons wil vandag praat oor hoekom mense van iets afhanklik word. Ons wil gesels oor wat ons kan doen om sensitief te wees vir dinge wat oral om ons beskikbaar is. Geen mens wil 'n slaaf wees van iets wat jou

lewe vernietig nie. God het bedoel dat ons die goud van die lewe sal ontdek. Sy kinders kan daarom 'n verskil maak in 'n wêreld met baie verslaafdes.

Hoekom raak mense van substansie afhanklik?

Daar is baie redes: onder andere 'n abnormale familiegeskiedenis, oorerflike afhanklikheidsgedrag, moeilike omstandighede, depressie, nuuskierigheid, traumatiese belewenisse, lae selfbeeld, ensovoorts.

Gevolge

Verslawing het so 'n groot invloed op 'n mens se lewe dat dit alles in die verslaafde se wêreld beïnvloed. Verhoudings verbrokkel. Mens raak onproduktief. Jy kan selfs jou werk verloor. Dit skep finansiële probleme en uiteindelik verlies aan eiendom en besittings. Al hierdie faktore maal in 'n afwaartse spiraal wat uiteindelik onvermydelik na die dood lei.

Maar daar is hoop!

Rehabilitasie is die proses waardeur 'n verslaafde werk om nie meer afhanklik te wees nie.

BAIE BELANGRIK: Onthou dat ons in 'n wêreld leef waar hierdie middels daagliks, oral en vrylik, beskikbaar is. Die kans dat jy met alkohol, dagga of ander dwelms gekonfronteer sal word voordat jy klaar maak met hoërskool is baie goed. Dit word vir jou aangebied as *cool* en *almal doen dit* en *ag net een keer sal niks maak nie* en *jy moet darem probeer*. Vir baie mense is selfs net een keer se eksperimentering heeltemal te veel. Onthou, God het jou gemaak om voluit met verantwoordelikheid, vreugde en blydskap te lewe. Jou lewe moet aan Hom en aan niks en niemand anders nie behoort.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die Bybel.
- Dit wat nodig is vir die ontmoetingsgeleentheid tussen die klas en die sentrum of instansie of die persoon (soos verduidelik aan die einde van Les 20) of, as alternatief, 'n videosnit van die getuie van enige gerehabiliteerde afhanklike (hierdie tipe getuie kan opgespoor word met 'n soektog op die internet).
- 'n Redelike private ruimte, groot genoeg vir die hele klas, waar die genooide gas(te) met die klas in gesprek kan kom.

KOM ONS BEGIN

Open met Gesang 308: 1-5 as gebed.

*Neem my lewe, laat dit, Heer,
U gewy wees meer en meer.
Laat my hart gedurig juig
en van dankbaarheid getuig.*

Neem my hande, maak hul sterk –
diensbaar in u goeie werk.
Neem my voete, skoei hul, Heer,
met bereidheid tot u eer.

Neem my stem en laat my sing –
aan U, Here, hulde bring.
Laat my mond dié boodskap dra:
Hul sal vind wat na U vra.

Neem my goud en silwer, Heer –
niks noem ek my eie meer.
Al my kennis en verstand
stel ek in u vaderhand.

Maak my hart vir U tot troon
deur u Gees wat in my woon.
Rig my wil, gevoel en daad
altyd na u wyse raad. Amen.

HET HULLE ONTHOU?

- Kyk hoeveel kinders in staat is om die memoriseerteks van die afgelope week op te sê.
- Laat die kinders hulle antwoorde in die groot groep deel van die navorsing wat hulle die afgelope week gedoen het oor *Moeder Teresa*.

Moeder Teresa

- Waar is sy gebore, en waar het sy gewoon en gewerk, en wanneer is sy oorlede? *Haar regte naam was Agnes Gonxha Bojaxhiu en sy is in 1910 in Albanië gebore. Sy het hoofsaaklik in Ierland en Indië gewerk. Sy is oorlede op 5 September 1997.*
- Hoekom is sy 'n wêreldbekende persoonlikheid? *Sy het bekend geword omdat sy onselfsugtig aan haar roeping getrou was om 'n verskil te maak in die lewens van die armstes van die armes. Sy het baie toekennings vir haar werk ontvang.*
- Waarvoor het sy in 1979 die Nobelprys ontvang? *Vir vrede. Sy het die geld wat gewoonlik vir 'n duur oorhandigingsseremonie gebruik word, aangewend om die armes in Indië te help.*
- Skryf 'n paar van haar bekende aanhalings neer wat oor geweld en die nood van mense handel.
 - *Being unwanted, unloved, uncared for, forgotten by everybody, I think that is a much greater hunger, a much greater poverty than the person who has nothing to eat.*



- *Each one of them is Jesus in disguise.*
 - *Even the rich are hungry for love, for being cared for, for being wanted, for having someone to call their own.*
 - *I have found the paradox, that if you love until it hurts, there can be no more hurt, only more love.*
 - *I try to give to the poor people for love what the rich could get for money. No, I wouldn't touch a leper for a thousand pounds; yet I willingly cure him for the love of God.*
 - *If we have no peace, it is because we have forgotten that we belong to each other.*
- Hoe het haar geloof haar siening oor geweld beïnvloed? *Moeder Teresa was 'n non in die Rooms-Katolieke Kerk wat haar lewenstaak as haar roeping gesien het. Sy het dissipelskap ernstig opgeneem en alle mense behandel asof hulle lewens goud werd is. Sy het nie met enige vorm van geweld saamgestem nie omdat geweld mense se lewe wegneem.*
 - Wat het jy uit haar lewensverhaal geleer oor Christene en geweld? *Laat die kinders hier spontaan antwoord.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

- Indien daar 'n besoeker(s) by die klasgeleentheid is, heet hulle welkom en stel hulle aan die kinders voor. Verduidelik aan almal hoekom hulle daar is en hoe die geleentheid ingerig gaan word.
- Indien die besoek van 'n besoeker nie moontlik is nie, of indien die groep nie 'n besoek kon bring aan 'n rehabilitasiesentrum of -gespreksgroep nie, maak gereed om die videosnit te wys.

IETS INTERESSANT

Stel die gas of spreker aan die woord, of vertoon die videosnit. As daar nie 'n spreker van buite of 'n videosnit is nie, behandel die feite by **MEER INLIGTING** intensief met die klas.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende by almal in:

- Ons loof en dank God dat Hy ons vrygemaak het van die kettings van sonde.
- Verslawende middels het die manier om van vry mense weer slawe te maak.
- Verslawing beteken dat 'n mens fisies en psigies so afhanklik word van dinge soos sigarette, alkohol, medikasie en onwettige dwelmmiddels dat jy later nie meer daarsonder kan lewe nie.

- Redes waarom mense verslaaf raak, is onder andere 'n abnormale familiegeskiedenis, oorerflike afhanklikheidsgedrag, moeilike omstandighede, depressie, nuuskierigheid, traumatiese belewenisse, lae selfbeeld, ensovoorts.
- Verslawing het die volgende gevolge:
 - Verhoudings verbrokkel.
 - Onproduktiwiteit.
 - Afdanking.
 - Finansiële probleme.
 - Verlies aan eiendom en besittings.
 - Lei *uiteindelik* tot die dood.
 - As jy betyds hulp soek, kan jy gerehabiliteer word.

WEES GEWAARSKU! Verslawende middels word vir jou aangebied as *cool* en *almal doen dit en ag net een keer sal niks maak nie* en *jy moet darem probeer*. Vir baie mense is selfs net een keer se eksperimentering DODELIK.

IETS OM TE DOEN

- Indien daar 'n gas by die klas is, fasiliteer die kinders se vrae aan die einde van die gesprek.
- Indien die groep 'n besoek gebring het aan 'n rehabilitasiesentrum of -gespreksgroep, lei 'n bespreking oor die belewenis wat die kinders gehad het.
- Indien die alternatief van die videosnit gebruik word, lei daarna 'n bespreking oor dit wat die kinders gehoor en beleef het.

BY DIE HUIS

DOEN

Laat die kinders self navorsing gaan doen oor die statistieke ten opsigte van verslawing vir hulle spesifieke ouderdomsgroep in Suid-Afrika. Hulle opdrag is die volgende:

- Laat hulle 1 Korintiërs 6: 12-20 en Romeine 8: 1-17 lees, asook die feite by IETS BELANGRIK in hulle boeke.
- Laat hulle navorsing gaan doen oor die voorkoms van verslawing by minderjariges in Suid-Afrika. Laat hulle hulle ouers vra om hulle te help en om van die internet of enige ander beskikbare bron gebruik te maak. Laat hulle die hoofpunte op die volgende bladsy gebruik om hulle in die soektog te lei.

LEER

Ons memoriseerteks vir hierdie week is Romeine 12: 1b: *Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is.*

AFSLUITING

- Bedank waar van toepassing alle besoekers en betrokkenes wat die inhoud van hierdie les moontlik gemaak het.
- Sluit af met 'n gebed, of vra een van die kinders om met 'n gebed af te sluit soos vooraf met hom of haar gereël.

